17

# DIE EKONOMIESE ORGANISASIE VAN DIE NATURELLE IN RESERWES.

## II.

## Die Toekoms van 'n Eie Ekonomiese Organisasie.

Uit die voorgaande artikels oor bogenoemde onderwerp het die volgende vir ons duidelik geword:

1) Die naturelle in die reserwes kan nie in al hul behoeftes voorsien uit die opbringste van hul produkte en vee nie.

2) Hulle is dus verplig om ander uitweë te soek en as byverdienste probeer hulle geld verdien in diens van blankes.

3) Hierdie byverdienste het om verskillende redes, sonder enige ekonomiese noodsaaklikheid, 'n hoofverdienste geword.

4) Die gereelde arbeidsemigrasie wat hiermee saamgaan van naturelle tussen die ouderdomme van tien en vyftig jaar het die laaste jare abnormale afmetinge geneem, sodat dit verreikende nadelige uitwerkinge het op ekonomiese, sosiale en godsdienstige gebied; die reserwes word verwaarloos, die afwesigheid van so 'n groot persentasie van die manlike bevolking werk ontwrigtend in op alle sosiale verband en samelewing en dit verlam alle rekonstruksiewerk op onderwys-, sending-, ekonomiese en ander gebiede.

5) Tog bestaan in die reserwes nog sosiale afhanklikheid van mekaar tussen die lede van die verskillende organiese groepe in die stamverband, waarvan die lede nog saam verbind word aan die gemeenskaplike bodem, kultuur, taal en belange.

Alleen wanneer hierdie bande versterk word en wanneer die naturelle meer afhanklik gemaak word van die bodem waarop hulle groot geword het, kan ons spreek van 'n eie sosiale organisasie in die reserwes. Omdat en in soverre daar nog 'n sekere afhanklikheid van mekaar binne die stamverband bestaan, en omdat almal nog gedeeltelik afhanklik is van die bodem waarop die stamlede woon, is dit ook moontlik om die reserwe-bevolking meer afhanklik te maak van hul eie land.

Omdat die naturelle dan sal lewe binne 'n eie stamverband met 'n eie kultuur en omdat hulle almal hoofsaaklik dieselfde bron van inkomste besit en saam bly in dieselfde gebied, spreek dit ook vanself dat 'n eie ekonomiese organisasie, solang hierdie faktore bestaan, moontlik is.

Dit wil nou nie sê dat dit 'n terugkeer is na die ou primitiewe toestande nie; ons sal dit noem 'n ontwikkeling in verband met die sosiale stamverband, met aanpassing aan veranderde omstandighede en met inagneming van sosiale, godsdienstige en ander faktore.

Om dit moontlik te maak moet die volgende maatreëls getref word. 1) Die reserwes moet ontwikkel word, sodat die naturelle 'n betere bestaan daarin kan maak. 2) Die arbeidsemigrasie moet sodanig beperk en gekontroleer word dat dit nie ontwrigtend inwerk op die naturellelewe nie. 3) Die ontwikkeling in die reserwes moet aanpas by die stamorde. Oor elkeen van hierdie drie sake wil ons iets sê.

1.—DIE ONTWIKKELING VAN DIE RESERWES.

Uit die voorgaande artikels is dit reeds duidelik dat, as aan die naturelle nie 'n betere lewensbestaan in die reserwes verseker word nie, hierdie gebiede slegs arbeidsreserwes vir die blankes word met die onvermydelike gevolg dat die naturelle al meer en meer na die blanke-gebiede verhuis, sodat territoriale segregasie 'n absolute mislukking word.

Dit is dus noodsaaklik om die reserwes te ontwikkel. Hierdie ontwikkeling kan wees op industriële of landbougebied. Die eerste moontlikheid is vir hierdie geslag as 'n praktiese oplossing vrywel uitgesluit en wel om voor die hand liggende redes. In soverre daar nog eie Bantoe industrieë bestaan, het dit prakties onmoontlik geblyk om dit op winsgewende basis enigsins op groot skaal te ontwikkel. Wat die ontwikkeling van nuwe industrieë betref sal dit, indien dit in werking kan tree, te rewolusionêr inwerk op die bestaande stamorde; so 'n ontwikkeling sal ook direk indruis teen die bestaande industrieë in blanke gebiede. Wel sal daar in die reserwes altyd behoefte bestaan aan smede, skrynwerkers, messelaars, e.d.m. Maar industriële ontwikkeling kan, hoewel dit later noodsaaklik mag word, vir hierdie geslag as 'n praktiese oplossing heeltemal uitgesluit word. 1).

Daar bly dan slegs die tweede moontlikheid as praktiese uitweg oor. So 'n ontwikkeling sal meteen aansluit aan die sosiale organisasie van so 'n pastorale en landbouvolk soos die Bantoes.

Deur verbeterde metodes, verbetering van veestapel, deur bestryding van erosie, opgaar en voorsiening van water kan die reserwes 'n ekonomiese bate van onskatbare waarde wees en kan die naturelle baie meer opbring as wat nou die geval is. Dit is reeds in 1929 bewys dat hulle met verbeterde metodes baie meer kan produseer; toe het landboudemonstrateurs op 1524 akkers gemiddeld 11 sak mielies per morg in die Transkei gewen, terwyl op 1904 akkers langsaan hierdie gemiddeld slegs vier sak per morg gewen is.

Op die dringende noodsaaklikheid om die reserwes te help wat in baie gevalle so stadigaan as gevolg van roofbou, oorbeweiding, erosie, ens. in woestynstreke begin ontaard, is genoeg gewys, o.a. ook deur die Naturelle Ekonomiese Kommissie (1930-32). Die regering probeer dan ook die laaste paar jare sy bes doen om verbetering in toestande aan te bring.

---

1) **Lord Hailey. An African Survey, bls. 1411 en 1426.**

Wat op hierdie gebied gedoen word, kan veronderstel word bekend te wees by die publiek. 1) Dit moet erken word dat die departement wat hiermee te doen het met die wegspring, miskien as reaksie teen die lang periode van niksdoen, te onprakties opgetree het, sonder genoegsame inagneming van die lewenstandaard van die Bantoes; maar in soverre nagegaan kan word, skyn dit of nou meer prakties en nugter gehandel word. Onthou moet word dat dit 'n langsame proses sal wees, waarby nie alleen in aanmerking geneem moet word die objektiewe toestande nie maar ook die naturel wat die subjek is, wat per slot van rekening self die hand aan die ploeg moet slaan.

Of hierdie ontwikkelingsprogram aanpas by die sosiale organisasie van die Bantoes is 'n ander vraag, waaroor ons in die volgende artikel wil uitwei.

Nou dat die regering addisionele grond vir okkupasie deur naturelle aankoop, sal daar mettertyd vir die 2,705,151 (sensus 1936) naturelle wat in die reserwes woon en nog vir 'n bykomende paar honderdduisend genoeg land wees om te voldoen aan die behoeftes van hierdie en miskien ook die volgende geslag.

Hieruit vloei nou nie voort dat hulle so ekonomies selfstandig sal word dat hulle onafhanklik word van die blankes nie. As ons nie elke keer weer nuwe gronde aan die naturelle wil gee en so lang hulle nog nie eie industrieë ontwikkel het nie, sal hulle nog altyd afhanklik bly van lone verdien in diens van blankes. Wat wel bereik kan en moet word met die ontwikkeling van die reserwes, is dat dit nie ekonomies noodsaaklik word dat meer as 40 persent van die belastingbetalers op een tyd afwesig is nie. Dit sal wel altyd nodig blyk vir tenminste 40 persent van die belastingbetalers om 'n byverdienste te gaan soek, omdat, al vermeerder hul inkomste as gevolg van verbeterde metodes, hulle behoeftes in die loop van die tyd met verandering van omstandighede ook vermeerder.

Nou kan dit vanself begryp word dat, indien almal altyd hul inkomste hoofsaaklik alleen uit landbou-opbringste moet verkry, die reserwes weer in die toekoms oorbevolk sal raak; dit kan ook gebeur dat 'n tyd mag aanbreek wanneer die blankes nie meer die hulp van die naturelle nodig het nie; daarom sal later so langsamerhand industrieë ontwikkel moet word.

## 2.—BEPERKING EN KONTROLERING VAN DIE ARBEIDS-EMIGRASIE.

Was dit alleen as gevolg van ekonomiese noodsaaklikheid dat die naturelle verplig word om in blanke gebiede te gaan werk, dan kan ons

1) Verslag van Naturellesake Kommissie 1936. A. G. van Lille—The Native Council System.

aanneem dat, as hierdie noodwendigheid as gevolg van die ontwikkeling van die reserwes wegval, die arbeidsemigrasie ook beperk sal word tot om en by 40 persent van die aantal belastingbetalers. Maar soos ons reeds gesien het in 'n voorgaande artikel is ekonomiese dryfvere nie die enigste en selfs nie die vernaamste rede, waarom die eksodus op so 'n groot skaal plaasvind nie. Soos ons reeds aangetoon het, weier die meeste om meer van hul tyd en hul kragte aan die verbetering van landbou en veeteelt te gee; die vrye en losbandige lewe in die groot stede is te aanloklik vir die meeste naturelle. Dieselfde verskynsel sien ons op die plase waar oor die hele land 'n tekort aan arbeiders is, 1) hoewel die naturelle wat naby hulle reserwes op plase gaan werk, baie meer geld terugbring as die wat na die stede gaan.

Daar sal dus, indien dit die regering erns is om die reserwes te ontwikkel, bykomende maatreëls geneem moet word om hierdie emigrasie te beperk alleen tot die gevalle waar dit ekonomies noodsaaklik is.

Anders is alle ontwikkeling en alle rekonstruktiewe arbeid al by voorbaat tot mislukking gedoem, en bly die arbeidsemigrasie op so 'n groot skaal soos 'n kanker invreet op alle sosiale samelewing in die reserwes.

Tot sover is feitlik nog niks gedoen om paal en perk aan hierdie euwel te stel nie; al wat neergelê is, is dat die oortollige naturelle in die stede na die reserwes moet teruggebring word (Naturelle Stedelike Gebiede Wet 1923 en 37), en dat die kinders onder 18 jaar nie sonder die toestemming van hul ouers of voogde mag gaan werk nie. (Here- en Diensbode-Wet, 1932). Ongelukkig het die bepalings van laasgenoemde wet nog nie veel uitgerig nie, want, soos ons in die voorgaande artikel gesien het, word die kwaad al erger; die meeste seuns tussen die ouderdom van 13 en 18 jaar is gereeld weg in diens van blankes. As die eersgenoemde wet ooit eendag in praktyk gebring word, sal dit heelwat doen om die kwaad te beteuel, want behalwe die misdadigers-tipe wat ongewens is vir die reserwes—is daar nog baie in die stede wat leef van die verdienste van familielede, en weer ander wat die helfte van die tyd in diens is, terwyl hulle die orige tyd van hul verblyf aldaar hul verdienste spandeer, sodat hulle, as hulle terugkeer na die reserwes, niks vir hul familie saambring nie; verder is hier nog baie vrouens en kinders wat teruggebring moet word. Hoe groot die aantal van hierdie oortollige naturelle is, is moeilik om te sê, maar dat die getal groot moet wees, blyk o.a. hieruit dat met die sensus van 1936 ongeveer een-sesde van die bevolking van die reserwes opgegee is as in „diens" van blankes, terwyl die werklike aantal diensdoendes op verre na nie so veel kon gewees het nie.

1) Verslag van Kommissie van Naturelle Plaasarbeid (1937-39).

Om die verlangde resultate te verkry sal dus addisionele maatreëls geneem moet word, waarby die belange van die blankes sowel as van die naturelle inaggeneem moet word. Onder geen omstandighede mag die reserwes beskou word bloot as arbeidsentra vir blanke werkgewers nie; die publiek moet opgevoed word om, waar ons hier te doen het met die bevolking in die reserwes, in konsiderasie te neem wat kan dien tot 'n gesonde ontwikkeling van hierdie naturelle op maatskaplike, godsdienstige, ekonomiese en ander gebiede. Alleen as ons van hierdie standpunt uitgaan, kan die reserwes en die bevolking alhier 'n voortdurende en blywende bate bly vir die land en die blanke bevolking van die land.

As ons dit so stel, kan met veiligheid aangeneem word dat dit nie in belang is van hierdie stamnaturelle as meer as 40 persent van die belastingbetalers op een tyd afwesig is nie; nog minder is dit gesond dat so 'n groot persentasie kinders onder die ouderdom van 18 jaar gedurig weg is nie. As eerste maatreël sal bepaal moet word dat geen kind onder 13 jaar toegelaat sal word om buite die reserwes te gaan werk nie; verder dat geen kind onder die ouderdom van sestien jaar buite sy distrik of in 'n arbeidsentrum mag in diens geneem word nie; eindelik dat seuns van sestien en sewentien jaar alleen in beperkte getalle en dan alleen op plase mag werk. Verder moet die bepalinge van die Here- en Diensbode-Wet, hierbo genoem, baie strenger en baie noukeuriger toegepas word.

Watter maatreëls geneem moet word om te verseker dat nie meer as 40 persent van die belastingbetalers buite hul distrikte of in arbeidsentra gaan werk nie, is moeilik om te sê. Miskien sal die resultaat bereik word, as bepaal word dat geen naturel in die reserwes langer as 18 maande aaneen in blanke diens mag bly nie en dat 'n gedeelte van sy loon agtergehou moet word, sodat hy iets kan saambring vir sy familie as hy die dag terugkeer.

Nie alleen moet die aantal wat elders gaan werk, beperk word nie, maar die arbeidsemigrasie moet ook sodanig *gekontroleer* word dat die nadelige gevolge tot 'n minimum beperk word. Aangesien dit uiters nadelig is vir die individue en ten slotte vir die ganse stam as individuele naturelle sonder die minste kontrole en sonder enige band aan 'n gemeenskap so losgelaat word te midde van 'n andersoortige en 'n individualistiese en kapitalistiese beskawing, verdien dit ernstige oorweging dat die arbeiders uitgaan volgens bestaande en erkende ouderdomsgroepe onder 'n verteenwoordiger van die kaptein. Ook verdien oorweging maatreëls om te verhoed dat naturelle gaan werk waar hulle wil; hoe intiem kom die naturelle huisbediende bv. as individu in aanraking met die huislike lewe van die blankes!

Hoewel dit nie meteens kan deurgevoer word nie, verdien die wenk van Abercrombie oorweging, n.l. dat naturelle as arbeiders toegelaat

word alleen op plase en op weë of op plekke waar hulle in kompounds bly, soos b.v. in myne. As hierdie maatreëls geneem word, dan kan niemand enige beswaar maak teen indiensneming van naturelle van die reserwes nie, maar sal die ondervinding wat hulle so as lede van 'n groep opdoen, inteendeel niks as goed uitwerk nie.

Nou sal hierdie en dergelike maatreëls wel 'n vermindering van arbeidskragte vir die blankes meebring, maar dit sal nie so erg wees as wat vermoed kan word nie. In die eerste plek moet in aanmerking geneem word dat, as die bepalings van die Naturelle (stedelike gebiede) Wet uitgevoer word, 'n groot aantal naturelle wat nou in die stede rondswerf, sal moet terugkeer na die reserwes. As ons verder aanneem dat die manlike bevolking in die reserwes bo die ouderdom van 16 jaar ongeveer 550,000 tel en as sestig persent (of 300,000) van hierdie getal nou werklik in diens is, sal, indien slegs 40 persent (of 229,000) op een tyd toegelaat word om te gaan verdien, dit 'n werklike vermindering van uiters 160,000 tot gevolg hê. Hierdie getal sal nog verminder word, omdat dit volgens bogenoemde beperkings nie uitgesluit word dat hulle op plase in hul eie distrikte mag gaan werk nie; hierdie bepaling en die een wat lui dat kinders onder 18 jaar slegs op plase mag gaan werk, sal terselfdertyd 'n betere distribuering van arbeidskragte meebring.

Hierdie getal sal dus op sy uiterste tussen 50,000 en 100,000 wees en dit sal eers die maksimum bereik na verloop van jare, sodat die blanke gemeenskap geleentheid sal kry om by die veranderde omstandighede aan te pas. Dit is nie alleen in belang van naturelle dat dit gebeur nie, maar nog meer is dit van lewensbelang vir die blankes om minder afhanklik te word van goedkoop en slegte kafferarbeid. 1).

Wil ons nie die reserwes ontwikkel nie en wil ons nie die hiergenoemde maatreëls neem nie, dan sal ons moet toesien dat die naturelle al meer en meer na die stede verhuis; in 1921 het die stedelike naturellebevolking slegs 587,000 getel en in 1936 was dit 1,142,642; dat die naturelle al meer in die stede gaan *woon*, blyk wel uit die hoë persentasie vroue wat reeds hier gevestig is: in 1921 was daar 'n vroulike bevolking van 147,293 en in 1936 was dit reeds 357,283. Aangesien hierdie proses die laaste paar jare baie vinnig groei en baie groter afmetinge aanneem, kan ons verwag, dat, as geen teenmaatreëls geneem word nie, die naturelle bevolking in die stede die blankes binne tien jaar in aantal sal oortref.

H. DU PLESSIS.

Siloam, (Word Vervolg).
12 Februarie, 1940.

1) H. R. Abercrombie, Africa's Peril, bls. 68-69.